## HOëRSKOOL SOUTH PENINSULA

## AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL

**GRAAD 9** **VRAESTEL 4 : LETTERKUNDE**

**MEI 2017** **PUNTE: 60** **TYD: 1H30**

**INSTRUKSIES:**

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings.

| | |
|---|---|
| AFDELING A: Jeugverhaal: Thomas@sms.net | (20) |
| AFDELING B: 'n Volksverhaal: Antjie Somers | (20) |
| AFDELING C: 'n Gedig: Die kameelperd | (20) |

2. Beantwoord AL die vrae.

3. Begin ELKE afdeling op 'n nuwe bladsy.

4. Skryf netjies en leesbaar.

**AFDELING A: Thomas@sms.net- Carina Diedericks-Hugo**

**VRAAG 1**

Lees die onderstaande uittreksel en beantwoord die vrae wat daarop volg.

> Thomas maak sy oë oop en kyk na die wekker op sy bedkassie. Halfnege! Hy wil net uit die bed spring, toe hy onthou dat hy en Hannes nie vandag skool toe gaan nie. Verlig sak hy terug teen die kussings. Langs hom op die ander bed snork Hannes nog. Thomas vou sy arms agter sy kop. Hy is so bly hy hoef nie vandag skool toe te gaan nie. Almal sou nou weer heeldag lank sewentigduisend vrae gevra het. Teen Woensdag is daar al weer ander goed

as die reeksmoordenaar om oor te praat.

Iemand klop sag aan die deur.

"Kom binne," sê Thomas.

1.1. Waarom gaan Thomas en Hannes nie daardie dag skool toe nie? (1)

1.2. Pas die beskrywing in kolom B by die naam in kolom A.

| Kolom A | Kolom B |
|---|---|
| 1.2.1. Hannes | a) maak groot omelette . |
| 1.2.2. Thomas | b) is 'n joernalis . |
| 1.2.3. Louisa | c) hou van 'n meisie in graad agt. |
| 1.2.4. Thabo se ma | d) woon in die solderkamer. |
| | (4) |

1.3. Watter inligting omtrent die reeksmoordenaar is reeds aan ons bekend? Noem enige twee feite. (2)

/7/

Lees die onderstaande uittreksel deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

*Die man sak laer af in die bestuurdersitplek. Hy kyk stip na die motor wat pas in die oprit voor die huis stilgehou het. Daar is 'n blonde vrou agter die stuur. Nogal mooi. Skouerlengte blonde hare. Sy dra 'n sonbril wat haar baie stylvol laat lyk. Sy kan die regte een wees. Gaan sy uitklim? Hy leun effens vorentoe om beter te kan sien. Daar klim nou twee ander mense uit die motor uit. Lyk soos tieners. Snaaks om hierdie tyd van die dag kinders te sien. En dit nogal sonder skoolklere. Maar die vrou agter die stuur bly sit. Perfek.*

1.4. Waarom sak die man laer in die bestuurdersitplek af? (1)

1.5. Wie kan die man in die motor moontlik wees? (1)

1.6.1. Wie dink jy is die vrou en die twee tieners? (2)

1.6.2. Verduidelik waarom jy so sê. (2)

1.7. Wat bedoel hy met "*dit kan die regte een wees"*? (1)
/7/

Lees die onderstaande uittreksel deur en beantwoord die vrae wat volg.

> "Wie sê jy is dit?" vra Thomas weer.
> Piet Senekal. Hy's nuut," sê Lilian en dit klink asof sy rou lewer geëet het. "Kom glo van Engeland af. Hulle het vir drie jaar daar gebly en hy vertel dit vir almal wat lank genoeg stilstaan om te luister."
> "Whatever," mompel Thomas en loer na Alex. Sy lag en kort-kort druk sy 'n haarsliert agter haar oor in.
> Hy draai weer na Lilian en Lukas.
> "So, hoe was julle vakansie?" vra hy.

1.8. Gee 'n kort beskrywing van Piet Senekal se voorkoms. (2)

1.9. Dink jy Alex hou van Piet? Antwoord Ja of Nee en motiveer jou antwoord deur 'n sin uit die uittreksel aan te haal. (1)

1.10. Verduidelik wat dit beteken dit as iemand "die maniere van 'n bos-aap het"? (1)

1.11. Hoe reageer Thomas nadat Piet hom uit die pad gestamp en hom beledig het ? (1)

1.12. Hoe dink jy kon Thomas anders opgetree het? (1)
/6/

**TOTAAL AFDELING A: [20]**

## AFDELING B: 'n VOLKSVERHAAL

## ANTJIE SOMERS oorvertel deur WENDY MAARTENS

### VRAAG 2

Lees die onderstaande uittreksel deur en beantwoord die vrae wat volg.

> Hy skuil 'n ruk lank in die berge . Nou en dan waag hy dit om saans 'n draai in die buitewyke van die dorp te maak, maar hy besef gou dat daar nie regtig hoop vir hom is nie.
> Toe vat hy sy bondel en begin met 'n swaar hart aanstap.
> 'n Paar weke later kry hy op 'n wynplaas werk.
> Teen hierdie tyd stel hy homself as "Antjie" voor en probeer soggens so glad as moontlik skeer sodat niemand moet agterkom hy is 'n man nie.

2.1. Verduidelik kortliks wat 'n volksverhaal is. (1)

2.2. Noem enige twee karaktertrekke/eienskappe van Andries Somers. (2)

2.3. Watter werk het Andries aan die begin van die verhaal gedoen?(1)

2.4. Waarom was sommige van die vissermanne jaloers op Andries? (2)

2.5. Verduidelik in twee sinne wat gebeur het toe die vissermanne op 'n dag met Andries moeilikheid gesoek het. (2)

2.6. Voltooi die sinne deur die ontbrekende woorde in te vul. Skryf slegs die nommer en die antwoord neer.

> Die man teen wie Andries geveg het, het per ongeluk sy ...2.6.1... teen 'n ...2.6.2... gekap. Nou word Andries vir ...2.6.3... gesoek. (3)

2.7.1. Is die volgende stelling WAAR of ONWAAR?

"Andries Somers was gelukkig om van die dorp af weg te gaan." (1)

2.7.2. Haal ses agtereenvolgende woorde aan om jou antwoord te staaf. (1)

2.8.Waarvan het hy in die berge geleef? (1)

2.9. Andries vermom homself as ‘n vrou.

2.9.1. Watter klere het hy gedra om soos ‘n vrou te lyk? (1)

2.9.2. Noem twee dinge wat die vroue met wie Andries saamwerk, laat twyfel of hy ‘n vrou is. (2)

2.10. Was  Andries Somers reg om te vlug? Motiveer jou antwoord. (1)

2.11. Wat, glo die mense, doen Antjie Somers met stout kinders as hulle kattekwaad aanvang? (2)

/20/

**TOTAAL AFDELING B: [20]**

## AFDELING C: GEDIG
## DIE KAMEELPERD- TIENIE HOLLOWAY

## VRAAG 3

Lees die onderstaande gedig deur en beantwoord die vrae wat volg.

***Die kameelperd – Tienie Holloway***

Almal sien ek oor die kop (het kameelperd swaar gesug)
en almal stap e kook verby, met neus hoog in die lug.
Tog is ek nie **hoogmoedig** nie, maar **nederig** en skaam;
ek laat my bure ook met rus, soos dit ‘n mens betaam.

My kos soek ek nooit nie daar onder op die grond,
want hier **wei** ek, met lange nek, op die hoogste takke rond.
Die jongste blaartjies kan ek pluk, maar jy sal jou **verstom**
as jy sien hoedat ek sukkel om ‘n drankie by te kom!

My kop steek bo die bosse uit – ‘n ware periskoop.
Ek sien waar al die diere wei, en waar ou jakkals loop.
Ek sien waar skuil die krokodil, ek weet ook goed waarom –
maar niemand kan ek **waarsku** nie, helaas, want ek is **stom**.

3.1. Kies die korrekte antwoord. Skryf slegs die nommer en antwoord neer.

Hierdie gedig bestaan uit drie (3.1.1. strofes/versreëls) wat elk uit vier versreëls bestaan. ‘n Strofe wat uit vier versreëls bestaan, word ‘n (3.1.2. koeplet/ kwatryn) genoem. (2)

3.2. Pas die regte betekenis in kolom B by die idiomatiese uitdrukkings In kolom A.

| Kolom A | Kolom B |
|---|---|
| 3.2.1) oor die kop (hoof) sien | a)neersien op iets of iemand |
| 3.2.2) iemand (bure) met rus laat | b) om iemand of iets te ignoreer |
| 3.2.3) met die neus hoog in die lug | c) iemand nie pla nie |
| | (3) |
| | |

3.3. Na wie dink jy verwys “Almal” in die eerste versreël? (1)

3.4. Haal twee woorde uit strofe 1 aan wat die kameelperd beskryf. (2)

3.5. Hoekom wei die kameelperd nie onder op die grond nie? (1)

3.6. Verduidelik waarom die kameelperd sukkel om water te drink. (2)

3.7. Kies die korrekte antwoord.

“My kop steek bo die bosse uit – ‘n ware periskoop” is ‘n voorbeeld van ‘n (vergelyking/ metafoor). (1)

3.8. Vul die ontbrekende woorde in.

Die kameelperd se …3.8.1… wat bo die bosse uitsteek, word gelyk gestel aan ‘n …3.8.2… waarmee hy alles kan sien. (2)

3.9. Watter dinge kan die kameelperd alles bo die takke sien? Noem enige twee. (2)

3.10.1. Haal vier woorde uit strofe 3 aan wat aandui waarom die kameelperd niemand kan waarsku nie. (1)

3.10.2. Verduidelik wat hierdie vier woorde beteken. (1)

3.11.1. Die gedig het 'n vaste rymskema. Hoe word hierdie rymskema genoem? (1)

3.11.2. Skryf enige twee rymwoorde neer. (1)

/20/

**TOTAAL AFDELING C: [20]**

**Mejuffrou Matraskop**

1. Dat sy inkopies in die dorp moes gaan doen en nie haar broer of suster nie en ook  omdat sy so sukkel met die fiets wat ‘n pap wiel het.

2. Die sakkies hang swaar aan die fiets, die fiets is groot en het nog boonop ‘n pap wiel.

3. Suiker, konfyt en melk

4. Sy doen dit sarkasties omdat Jasmin te veel van ‘n dame is om inkopies te gaan doen en Justin is te groot en belangrik.

5. “siek en sat”

6. Die agterwiel was pap en sy vermoed dat iemand dit met opset (aspris) pap gemaak het.

7. Gwendolien voel dat haar suster baie lui is en nie genoeg help by die huis nie. Sy voel haar suster hou haar besig met onbenullige dinge soos om haar naels te verf.

8. Hulle hou hulle besig , maar doen eintlik niks. Hulle doen dit net om werk te ontduik.

9. Gwendolien is die kind op wie haar ma kan vertrou om iets gedaan te kry. Sys al met enigiets by die huis help.

10. Die gedagte aan haar hare en die feit dat dit so deurmekaar op haar kop staan.

11. Sy wil nie huil oor haar hare nie en ook nie oor die onregverdigheid van haar behandeling nie. OF haar swaarkry nie. OF Sy is hardkoppig en trots.

12. Omdat haar hare soos ‘n matras lyk.

13. Met ‘n ontploffing in ‘n matrasfabriek.

14. Sy wens haar hare was lank en glad soos ‘n waterval om haar skouers soos die van filmsterre.

15. Mari en sy waai deur die motor se agterruit vir Gwendolien.

16. Omdat sy heel tyd na die motor gekyk het.

17. Sy is kwaad en sy is moeg gesukkel en ook oor haar wilde bossie hare.

18. ‘n Kartonnetjie melk het stukkend gebreek en alles nat gemaak.

19. Mej. Suid-Afrika se vonkelende oe en bree glimlag met haar spierwit tande.

20. Amy Kleinhans was die eerste gekleurde Mej. Suid-Afrika.

21. Die foto van Amy toe sy nog ‘n skoolmeisie was en haar hare was dieselfde soos Gwendolien s’n nou is.

22. “my liefkind”

23. Toe sy die pap wiel sien en Gwendolien se bloedbesmeerde voet.

24. Sy sien’n donker wolk om Gwendolien se gesig, maar sy sien ook ‘n vriendelike gesig en die vonkel in haar oe.

26. Dit wys vir ons dat sy selfvertroue het en dat sy ook besluit het om vir haarself op te staan en nie deur ander rond gestuur gaan word nie.

25 Sy se vir Justin dat hy dorp toe moet gaan om melk te koop.

ALTYD VIERDE: Fanie Viljoen

1a) Alvin is altyd vierde
b) Ryan en d)Adrian is altyd om die beurt tweede of derde.
c) Simphiwe is altyd eerste.

3. Omdat hy nie glo hy kan ooit eerste, tweede of derde kom en op die podium staan nie.

3a) by sy skool
b) Meneer Hendricks

4) Omdat hy nooit eerste, tweede of derde is nie.

5) kopskuif

6) a) Waar

b) Waar

c) Waar

d) Waar

e) Onwaar, sy ma bring vir hom sy hardloopskoene.

7) Nee, dis nie meer waar nie. Alvin kom aan die einde van die verhaal eerste.

1) Alvin

2) Jy staan nie op die podium nie. / Jy kry nie ‘n medalje nie.

3) Opsitte/ opstote/ rugoefeninge/ hurkoefeninge/ uitvalle/ sterspronge ENIGE TWEE

4.1. HAMBURGERS en gaskoeldrank

4.2. Hawermout/ afgeroomde melk/ ham/ aarbeie/ piesangs/ volgraanbrood ENIGE DRIE

5. Hy het daarvan gedroom.

6.1. sy hardloopskoene

6.2. sy ma

6.3. Simphiwe Mbeki

6.4. Hy sak op sy hande en kniee neer op die baanblad. Hy klou sy dyspier vas en byt op sy tande.

6.5. Alvin byt op sy tande. Sy arms en bene pyn van die inspanning.

6.6. Alvin kom eerste.

**TEMA (BOODSKAP) : Jy moet nooit moed opgee nie./ Aanhouer wen.**

**DRAMA: Die aarde weet**

- **Titel: Personifikasie**

- **Karakters:**
  **Peter- ongeveer 13, dra ‘n bril**
  **Sarah- is boheems (iemand wat buite sosiale konvensies leef bv.’n kunstenaar, ‘n skrywer ) aangetrek.**

- **Toneel: Twee tieners gesels in ‘n hiper-moderne sitkamer.**
- **Almal het ‘n verantwoordelikheid om die aarde te beskerm.**

**Woordeskat:**

**verveeld: bored**

**reddingsvlot: life-raft**

**krag: power**

**energiebron: source of energy**

**herwin: recycle**

**reddingsboot: life-boat**

**oplossings: solutions**

**luukse: luxury**

**ANTWOORDE**

1. **aarde, metafoor**

**2. ‘n energiebron, kos, water en ‘n skuilplek/ huis Dit is alles wat jy nodig het om te oorleef.**

**3.Daar is alles wat jy nodig het en nog meer.**

**4.Die reddingsvlot is verwaarloos en is besig om te breek.**

**5.Nee, die “eienaar” van die reddingsvlot sal alles self moet regmaak. Daar is niemand wat kan help nie.**

6. **Almal (familie en vriende) wat op die reddingsboot woon, sal moet help.**

7. **Ons het almal ‘n verantwoordelikheid (responsibility) om om die aarde te beskerm.**

8. **Peter besef die dringendheid (urgency) dat die aarde beskerm moet word en Sarah dink nie die situasie is so so erg nie.**

9. **Peter beskryf hoe erg die situasie is. Uiteindelik kom Sarah tot die besef dat daar dadelik iets aan die probleem gedoen moet word.**